**HESSEQUA MUNISIPALITEIT**

# PETISIE BELEID

Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika oefen die munisipaliteit uitvoerende en wetgewende gesag uit om plaaslike regeringsake binne sy jurisdiksie te administreer. Die Munisipaliteit kan dus beleide opstel en verordeninge afkondig vir doeltreffende administrasie van sy bevoegdhede.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye die geleentheid gegun om kommentaar op hierdie konsepbeleid te lewer vanaf 19 September 2025 tot 10 Oktober 2025.

Die beleid is beskikbaar vir inspeksie op die munisipale webwerf (www.hessequa.gov.za) en by die Munisipale Kantore en Biblioteke in Riversdal, Heidelberg, Albertinia, Slangrivier, Gouritsmond, Witsand en Stilbaai.

Kommentaar kan ingedien deur:

- E-pos: sarah@hessequa.gov.za
- Skriftelike kommentaar: Munisipale Bestuurder, Posbus 29, Riversdal, 6670

Persone wat nie kan lees of skryf nie, word aangemoedig om die Munisipale Kantoor in Riversdal gedurende kantoorure te besoek vir hulp om hul geskrewe kommentaar te formuleer.

Verdere inligting kan verkry word van Sarah Sanders by 028 713 7941 of per e-pos: sarah@hessequa.gov.za

**MNR ASA DE KLERK**
**MUNISIPALE BESTUURDER**